# DIE ALMAGTIGE GOD HET CORONA GESTUUR!

Dit is die vuur of moontlik deel daarvan want daar kan erger dinge volg as God dit so wil hê. God die Skepper wie Homself aan die mens geopenbaar het deur die eeue heen, het die finale seggenskap, dit is oor mens en Sy gehele skepping.

Ek is seker ons almal is goed bewus van watter erge verval van God en Sy voorskrifte op die aarde afgespeel het voor die koms van Covid-19. Baie wie nie God se hand in Sy skepping wil erken nie, sal kapsie maak en gou by wees om hierdie stelling as belaglik af te maak. Feit is, die onbekeerde mens wou nog altyd oor God heers. Hy wou nog altyd vir God die Almagtige voorskryf asof God ooit deur die mens onderrig kan word! Die rede waarom die mens so astrant teen God die Skepper optree, is omdat hy nie werklik glo in God se bestaan nie. Die feit van die saak is dat God Homself baie goed en baie duidelik geopenbaar het in Sy heilige geskrifte. Almal wat God dan enigsins erkenning wil gee, sal aanvaar dat God Hom nie verborge gehou het nie, maar Hy het Hom openbaar gemaak, (1) aan en deur Sy Verbondsvolk Israel, en (2) daarna volkome deur Sy Seun.

Almal wat hierdie unieke openbarings glo, sal vrede en rus vind vir hulle siele want die bloedoffer van Jesus het die mens vrygemaak van die vloek van verdoemenis wat op die aardbewoners en die Planeet gerus het.

God het die aarde vir die mens gemaak om oor te heers, inderdaad, maar hy moes heers in *geregtigheid*, dit is oor Sy skepping wat die diereryk onder andere insluit. Diegene wat nie weet waarvan ek praat en na verwys nie, behoort, tot voordeel en behoud van *hulleself*, die Bybel nader te trek. Hulle behoort met ander woorde deeglik ondersoek te doen oor daardie Een wie ons "Skepper" noem, en in besonder verwysend na Sy unieke verhouding en doel met die mens van meet af - `n saak wat vir ons juis in Sy Woord (wat ons "Bybel" noem) ingeskryf is.

Omdat omtrent alles om ons aan't verander is, en ons tog maar weens die direkte en indirekte gedwonge *social distancing* ons afstand sal moet hou en veral met ons daaglikse bewegings en pligte in gedagte – ons is in `n vernoude sosiale opset gevangenes van buitegewone omstandighede - behoort ons die dae uit te koop soos wat die Skrifte ons leer, om God met ons hele hart te soek en te dien. Vir my is dit `n tydperk van voorbereiding vir dit wat hierna sal volg.

Ons weet egter nie presies wat en hoe sake sal verloop nie, maar dat die wêreld ekonomies ernstige afmetings kan aanneem, selfs ernstige konflik tussen nasies kan ontketen, kan nie as wensdenkery afgemaak word nie. God se Gees het deur die profetiese gawes onrus en moeilike tye aangekondig in die verlede, ook die tipe konflik tussen groot, bestaande moondhede, en al wat ons as gelowiges dan kan doen, is om onder Jesus se ewige vlerke in te kom (Ps. 91).

Ons skuiling is by Jesus. Jesus het ons gemaan dat ons ons nie moet ontstel oor oorloë en gerugte van oorloë nie en deur sy profeet Daniël het die hemelse Boodskapper van God verklaar dat daar vasbeslote verwoestings sal wees tot aan die einde van alle dinge.

Deur die profetiese woord aan ons in hierdie dae gegee, kan daar verwag word dat ons `n tyd van groot godloënary ook gaan betree ("Die tyd breek aan dat hulle Jesus openlik gaan vervloek", het die profesie gelui (ongeveer in 1993). Vir diegene wat glo, behoort ons dan te kan weet dat geen opregte kind van God hierdie tipe verloëning sal kan doen nie. So dit dui, soos dit voorkom, op die druk vanuit die wêreld wat al groter sal word teen Jesus en Sy koninkryk - hier op aarde gevestig in Sy Naam, en daarom was daar maar altyd sterk druk om Sy bestaan, Sy Krag en Sy godskap te negeer. Maar ek glo dat God gaan ook Sy Naam verheerlik as ons Hom met ons hele hart en siel bly dien, maar die wat Sy saak sal bevorder, sal tegelykertyd ook onderwerp word aan bespotting. Dit

was nog altyd die geval en so sal dit wees tot aan die einde toe. Die tendens word al hoe sterker om Oosterse gelowe aan te hang en dit trek natuurlik alles eintlik maar saam onder die vaandel van "die God in My" - ek word God en daarom kan ek my eie selfgerigte saligheid beplan en uitleef sonder die bloedoffer van Jesus.

Almal wat satan se wil wil uitvoer sal dan vermetel "regeer" tot by die wederkoms van Jesus. Satan het al klaar afgekom aarde toe met geweld maar God is nogsteeds in alles in beheer en geen nasie wat homself bo God en Sy wil sal stel, sal sy planne tot wêreldoorheersing suksesvol kan uitvoer nie! Ook geen mens nie. Dit het nog nooit in die geskiedenis gebeur dat een oorwinnaar vir altyd oorwinnaar van alles kon wees nie. Die geskiedenis van die wêreld is bewys hiervan. Daarom behoort ons as gelowiges ook die geskiedenis van die volkere na te speur want daarin kan ons ook God se hand sien.

Feit is, die mens se asem is waarlik net in sy neusgate. Die mens wat hom aanstel en roem in sy eie insig en krag en vermoëns se lewe is baie kortstondig! Dis `n asempie wind wat nou hier is en môre in die niet verdwyn. Soos die gras verbleek en verdor, so gaan dit ook met die mens en dit leer ons heilige boek ons. En dit is hierdie nietige mens wat homself tog so hoog kan aanstel teen God die Skepper en Sy Seun wie hulle dikwels net aan `n houtkruis sien, maar hulle besef nie wie daardie offer gebring het nie! Wie die Een was wie op die versoendeksel verskyn het tydens die groot versoendag van die Jodendom nie.

As God dan besluit om iets te doen, wie sal Hom kan keer? Om hierdie rede behoort ons met die verwoesting wat nou gesaai word op die aarde waarin die mens sy geborgenheid grootliks vasgemaak het, dit is om op eie insig, krag en mag te steun en daarvolgens sy plan en lewe vir homself "suksesvol" uit te werk, tot ons sinne kom oor waar God nou eintlik in die prentjie inpas. Maar sonder om dieper in te gaan op die *detail* van hierdie gewigtige onderwerp, kom ons maak dit wat voor ons is, vir onsself duideliker sodat ons ten minste geloof aan die dag kan lê om volgehoue te kan glo, en sonder om ons eie plan en wil uit te wil lewe buite God se raad en wil.

Feit is, alles draai om LEWE en dit wat ons "lewe" noem, is net in Jesus Christus, Seun van God vir ons vasgemaak (1 Jn. 5.12). God die Almagtige wie ons die "Vader" van Jesus noem, het besluit dat dit so sal wees, naamlik dat Sy Seun, Jesus Christus, die Lewe het en dat die mens deur hierdie Poort sy geluk en vrede sal vind (Jn 14.6): "Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe". Op geen ander wyse anders as hierdie weg nie! Dit is dan in en deur Jesus die Christus wat ons as struikelende, wankelmoedige mens, ons oplossings sal vind en al ons teëspoede sal oorkom – dit ten minste sinvol vir ons sal kan maak.

Dit is teen hierdie agtergrond wat ek ons huidige situasie, die teistering van Covid-19 en die verwoesting wat dit saai, ook die ontwrigting van ons lewens, wil meet aan God se finale seggenskap oor die aardbewoners.

Feit is, God wil verheerlik (erken) word omdat Hy die Skepper van Hemel en Aarde is, ook die Vader van die Bron van Lewe [=Jesus die Christus, die Eerste Een van die skepping van God (Kol. 1.15)]. *Hy* het gekom om die werke van die Duisternis te verbreek en om die Ewige Bloedverbond in plek te stel.

Alles en almal kry eer maar God kry nie Sy eer wat Hom toekom nie! Die Gees van die Here het my duidelik vanoggend, ná die spreek van kragtig, Geesgedrewe, (salwing) van talespraak gewys dat die mens wil Hom nie die eer gee wat Hom toekom nie. Die mens kan luidkeels dinge vanuit hierdie wêreld toejuig maar hulle, selfs daardie sektor wat dink hulle bring lof en eer aan God (die Christendom en in besonder diegene wie aanspraak maak op Geesvervulling), is skaam vir Hom en vir Sy Geeswerke. Ons het so lief vir onsself geword dat ons onsself eerder as "God" wil eer. Ons

moet God daagliks loof en prys as ons deur Hom beskut wil wees! Nie net teksverse memoriseer nie.

Die mensdom kan alles in hulle vermoë (goedbedoelend) doen om oplossings vir probleme, ook vir die Corona virus te vind, maar al sou hulle op die een wyse slaag, sal dit net weer op `n ander wyse uitbars *totdat God bepaal dat genoeg genoeg is.* En dit sal wees as ons sak voor Hom - daar is baie wat dit alreeds doen - en dan sal Hy hoor. In oud-Israel wat die volmaakte boodskap vir ons gee oor hoe God met Sy volk en die heidense nasies gehandel het, het God plae laat ophou sodra die mens homself verneder het. Kyk wat het die Koning van Assirië gedoen toe hy Jona se boodskap gehoor het. Trek die boek van Jona nader en lees dit met aandag!

God se egte profete is aan die vlug soos wat dit die geval met Jona was. Hulle was en word steeds verjaag, verbrysel, verbreek. Daar is enkeles nog oor wie waarheid wil spreek – ook met betrekking tot die heilige geskrifte (die Woord van God). Baie gee voor dat hulle profete van God is, maar nou het God die kerkdom geslaan deur om hulle uitmekaar te jaag. Lees Jeremia waar God vir sy profeet sê, “Bid nie vir hierdie volk nie, Ek sal nie hoor nie!”.

God verlang na egtheid in aanbidding. En wat oorgebly het is leë geraasmakende skares, alternatiewelik groot skares met geen Geesteenwoordigheid nie. Dink hieroor na sonder om op te ruk. Wat die wêreld betref: Hulle weet van beter omdat God se stem oor die aarde uitgegaan het deur baie getroues en op baie wyses, maar hulle wil nie luister na dit wat God verlang in Sy voorskrifte (die Woord) nie. God het die plae gestuur maar hulle wou hulle nie bekeer nie (Openbaringe van Johannes). God sal self besluit wanneer “genoeg” werklik genoeg sal wees. Ek en jy kan niks daaraan doen nie. God is Regter en geen mens nie al sou watter gesaghebbende ook die verklaring wil weerspreek. God is moeg vir kerkspeel en moedswillige sondebedrywing (immoraliteit, losbandigheid, laster, haat, afguns, jaloesie, nydigheid. Leuenspreking – dit wat “bekering” oor gaan.

God soek erns in aanbidding. Hy soek `n hart wat tot God neig en nie net neig nie maar wat Hom liefhet en wat Hom wil dien volgens Sy standaarde en wil. God haat ongeregtigheid en veral liefdeloosheid onder Sy kinders (“Hy wie sy broer haat, is nie in die Lig nie” – 1 Jn. 1. God soek `n volkome terugkeer na Hom toe).

Ons almal kom kort! Maar daar is sommige wat net voortgaan om God se Woord te verwerp en om voort te gaan in sondebedrywing. As God plae onder die Ou Verbond gestuur het omrede mense gesondig het, is dit nie Sy riglyn vir vandag ook nie? Die God van die Ou Verbond is tog dieselfde God van die Nuwe en Beter Verbond! “Jesus is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde” (Heb. 13). As ons dan globaal voor God sou sak en Hom die eer gee wat Hom toekom, ook Sy Woord, sal God nie genadiglik hierdie pessiekte tot `n einde bring nie?

Hierdie is soos ek dit sien, `n fase van voorbereiding vir die Christendom! Let op hierdie woorde. As God nie antwoord as ons roep nie, is God besig met ons om ons nader te trek na Hom toe want as `n situasie nie opgelos word nie, sal ons bly bid totdat die oplossing kom. So hoort dit en so was dit deur die eeue heen met die gelowiges.

Laat ons dan nou die geleentheid gebruik wat God ons gee om te besin. Om terug te keer en om ons sondes voor God en mens te erken en te bely. Om die wil van God in ons verhoudings uit te lewe soos wat God dit in Sy voorskrifte (die Woord) vir ons leer, dit is verhoudings wat buite die Woord van God is – dit wat God afkeur. Maak jou saak dan met die Here uit en kyk of jy werklik jou kan onderwerp aan God se wil en plan vir jou lewe naamlik om Hom te dien soos wat die Skrifte aangaande Hom en van Hom getuig. God soek `n rein, afgesonderde, heilige (geestelik gereinigde) volk wie Hom in Gees en Waarheid wil en sal dien (Jn. 4.24). God sit ons nou in `n

vuurproef soos dit voorkom, om ons te heilig want die mens se "godsdiens" het in die algemeen verflou en versekulariseer.

Dank God vir Sy kinders wat bid! Dank God vir Sy kinders wat deur vervolging en oppressie die bakens van lig bly en wat God dan wil seen sodat die Lig van verlossing nie uitgedoof sal word nie.

Kom ons bid opnuut dat die Here NOU Sy weg en wil sal hê, dit is waar die groot megakerkdom nou moet opdeel in klein groepe soos wat Corona *social distancing* (sosiale afstand) dit vir ons voorskryf. Moet dit nie beskou as vervolging nie maar gebruik die geleentheid om vir mekaar en vir jou eie saligheid te bid. Waar twee of drie bymekaar kom, daar is Jesus in die midde en as ons niemand anders het met wie ons kan saambid nie, weet dat daar altyd twee teenwoordig is want Jesus is altyd by ons waar ons ookal bid!

Kom ons keer terug in hierdie tyd van *lockdowns*.

Let's lock ourselves down in our prayer closets or wherever we are at the feet of Jesus as never before! This is a grand opportunity to pray, firstly for the true body of Christ God now wants to wash and heal spiritually, and then for souls who have heard about Jesus but who do not serve Him as they should. These are the ones Jesus is most interested in. Time is running out fast. Jesus's return is at hand. Let's look up and prepare for the second coming of our Saviour, and this time He will prove Himself to the world as the Great Conqueror!

Let us spread kindness, generosity, love, compassion to all God is sending on our way, this way instilling faith in the hearts of the weary, the faint, the doubting, the frail, the strong, in fact all we meet on the high and the by-ways of life.

I pray that God will raise up a dedicated corps of believers in Jesus who will once again prove to the world that Jesus lives. And I have the conviction in my heart through the Holy Spirit God has given His own, that Jesus our precious and mighty Redeemer, is going to prove Himself, in wonderful ways as the Mighty One who is far above man's inventions and efforts and who rely so heavily on their own power and abilities in stead of bringing glory to the One and only God through Jesus Christ our precious, caring, loving Saviour.

Open yourself up to Gospel truth! Cleanse yourselves from spiritual deception. Seek hearing the voice of the truly anointed whom God will always equip with His Power and which Power He alone can send from heaven. Fact is, the weary and the disheartened need the supernatural Power from on High and so that they will once again be able to operate within the *boundaries* of God's Word! Not speaking after the heart and mind of man, but glorifying the Son of God who gave Himself up as a living sacrifice for man and so that we can truly be His followers!

The time is NOW! God is at the beginning phase of washing His Body! He knows what He is doing! He, the Almighty, remains in charge! So be willing to be cleansed TODAY!

Ester
www.housealtarnetwork.com
2020-04-24